NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528
HATFIELD 0028 SA
Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

5 Desember 2013

HAMBA KAHLE, MADIBA!

Nelson Rolihlahla Mandela het sy epiese reis hier voltooi. Hierdie reis sal opgeteken staan as een van die grootste en belangrikste ter wille van die waardigheid van mense, en in besonder vir die mense van hierdie land. In die laaste fase van hierdie reis, waar ons die toekoms van die Reënboognasie kon ingaan, het hy met sy versoeningsbeleid die mense van die land met hom saamgeneem op ‘n pad van herstel en heling. Hy het dit tasbaar vir die NG Kerk kom wys toe hy die vergadering van die Algemene Sinode in 1994 in Pretoria besoek het. So het hy die lidmate van die NG Kerk saamgenooi op hierdie reis!

Ons treur saam met die land, sy familie en dierbares oor die verlies van ’n geliefde leier. Ons is dankbaar dat God iemand soos Madiba gestuur en gebruik het om Suid-Afrika uit ‘n doodloopstraat te lei na ‘n nuwe toekoms. Ons is dankbaar vir die baie jare wat hy na sy vrylating gespaar was.

Sy lewe en erfenis daag ons uit om in ons alledaagse lewe menswaardigheid en respek teenoor mekaar in elke deel van ons land se bestaan en samelewingstrukture te koester.

Ons is oortuig Madiba het die goeie wedloop afgelê en die wenstreep bereik. Ons groet hom: Hamba Kahle, Madiba!

Namens die Moderatuur van die Algemene Sinode Moderamen

Dr JJ Gerber
Algemene Sekretaris van die NG Kerk
+27828955680